# DIE HEMEL

Is dit 'n

# WERKLIKHEID?

JOE CREWS

Kopiereg © 2003 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

# DIE HEMEL

Is dit 'n

# WERKLIKHEID?


1. Is Dit 'n Werklikheid? ……………………………………………
2. Terug na die Oorspronklike Plan ………………………
3. Liggame van Vlees en Been ………………………………….
4. Ons Sal Mekaar Ken …………………………………………….
5. Stadswoning en
   Plattelandse Landgoed …………………………….
6. Geen Siekte of Dood ……………………………………………
7. Ondenkbare Prag
   En Geluk ……………………………………………………

## 1 Is Dit 'n Werklikheid?

**M**iljoene mense wag om verskillende redes vir 'n tyd wanneer hulle hierdie planeet kan verlaat om na 'n ander gelukkiger, minder besoedelde wêreld in die ruimte te kan verhuis. Baie glo dat die tyd min raak vir hierdie oorbevolkte, besmette planeet wat vir 6 000 jaar so misbruik is. Om te kan oorleef, wil hulle verhuis na 'n wentelende satelliet, wat wetenskaplik veilig gemaak is deur onfeilbare tegnologie. Daar, in 'n kunsmatig ondersteunde, vriendelike omgewing, hoop hulle om baanbrekers te word van 'n nuwe ruimtewêreld vir rustelose aardbewoners.

Miljoene ander kyk hemelwaarts en beraam opwindende planne vir ruimtereise wat baie verder gaan, ver verby die rand van ons sonnestelsel. Hulle verwagtinge is nie gegrond op die wetenskaplike produksie van laboratorium landskappe en herwinde chemikalieë nie. Hulle soek na 'n ruimtewoning wat heeltemal onafhanklik is van menslike foute en invloed; 'n woning vry van bedorwe trots, selfsug, en sonde; 'n woning genoem die hemel, wat hulle glo op die oomblik vir hulle voorberei word. Hulle verwag om daarheen te reis lank voordat die witjas-wetenskaplike sy satellietkolonie ontwikkel.

Dit is maklik om empatie te hê met diegene wat moeg is vir die angswekkende probleme van planeet aarde en wat na 'n beter omgewing wil verhuis. Sal die kunsmatige toestande in 'n self-onderhoudende ruimtekolonie meer voortreflik wees as

ons uitgediende aarde? Dit is waar dat die chemies-geskepte atmosfeer makliker gereguleer en onderhou kan word, maar wat van die basiese, uiteindelike probleme van oorlewing?

Dood en siekte in die ruimte sal nog steeds ook, net soos hier, teenwoordig wees. Misdaad en onreg sal die mens volg waar hulle ookal in die heelal gaan. Teleurstellings en hartverskeurende leed sal voortgaan om in die kort verloop van die menslike bestaan teenwoordig te wees, omdat die mens se grootste probleem die mens self is. Hy kan nie sy eie selfsugtige natuur ontsnap deur na 'n ander plek – selfs 'n ander planeet, te vlug nie. Hy kan ook nie van sy sterflikheid ontsnap deur omgewings te verander nie.

Wat die mens werklik benodig, is 'n volmaak geïntegreerde, sondelose natuur wat nie onderworpe is aan siekte of dood nie, plus 'n volmaakte omgewing waarin hy vir ewig kan lewe. So 'n ideale opset is die enigste wat al die probleme sal oplos en al die drome sal vervul van al die mense in die wêreld vandag. Volmaakte gesondheid, 'n pragtige woning, 'n ideale klimaat, en die ewige lewe – wat meer kan enigiemand begeer?

Kan al hierdie ongelooflike toestande ooit 'n werklikheid word? Die wetenskaplikes sê Nee. Hulle kan beter gesondheid en 'n langer lewensduur beloof, maar nooit onsterflikheid nie. Hulle hoop op skoner lug en verbeterde werksomstandighede, maar geen kiemvrye omgewing nie. Dit is die beste wat hulle kan doen. Maar luister, daar is 'n plek wat

op die oomblik voorberei word wat al die oordadige woorde wat ek gebruik het om dit te beskryf, sal oortref. Die meeste wetenskaplikes ontken die bestaan daarvan, omdat hulle nie glo dat daar 'n God is wat in 'n plek genaamd die hemel, woon nie.

## 2 Terug Na Die Oorspronklike Plan

**Ek** wil hê dat u moet insien dat hierdie toekomstige woning wat vir ons voorberei word, in werklikheid God se oorspronklike plan vir die mens se volmaakte geluk sal vervul. Dit sal die keurige prag en heerlikheid waarmee God die Tuin van Eden opgerig het, ewenaar. Jesaja beskryf dit soos volg: "Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U." (Jesaja 64:4).

Die profeet verklaar hier dat van die begin van die wêreld af het die mens nie die volheid van God se plan gehoor of gesien nie. Die aanduiding is duidelik – die mens het eenmaal die wonderlike dinge wat God vir Sy volk voorberei het, gesien, gehoor en dit geken. Daardie plan was inderwaarheid in al sy heerlikheid aan Adam en Eva openbaar. God wou hê dat die aarde soos Eden, die Tuin van God, moes wees. Hy het vier ontsaglike geskenke aan ons eerste ouers gegee – lewe, 'n regverdige karakter, 'n pragtige woning, en heerskappy oor die aarde. Hulle kon daardie geskenke vir ewig besit het deur slegs te kies om God te gehoorsaam ten opsigte van die een verbode boom. Deur gehoorsaamheid aan Sy wil, was dit God

se voorneme om die menslike familie vir ewig gelukkig te maak.

Engele moes geween het toe hulle gesien het hoe sonde vir die eerste keer in die menslike familie ingekom het. Onmiddellik is daar begin om al daardie oorspronklike voorsienings terug te trek. Adam en Eva het begin om te sterf, in ooreenstemming met die aankondiging van God; hulle besitsreg het tydelik in die hande van Satan oorgegaan; die beeld van regverdigheid was binne in hulle geskend; en hulle was uit die tuinwoning verdryf. Die eerste drie hoofstukke van die Bybel skets die prent van hierdie groot verlies. Die intrede van sonde en die verhaal van die val van die mens word grafies in Genesis 1, 2 en 3 vertel. Die laaste drie hoofstukke van die Bybel skets egter presies die teenoorgestelde deur te vertel van die herstel van alle dinge. Die uitwissing van sonde en Satan, en die verwydering van die vloek word in Openbaring 20-22 beskryf.

Laat my egter toe om u te verseker dat die tuiste van die regverdiges hier op hierdie aarde gaan wees. Jesus sê dit vir ons in Mattheus 5:5. Toe Hy die Saligsprekinge gegee het, het Hy gesê: "Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe." Let noukeurig daarop. God se volk sal uiteindelik op hierdie pragtige aarde woon, nie soos wat dit vandag is nie, maar soos wat dit vir die heiliges voorberei sal word.

Dit is in werklikheid heel natuurlik wanneer u daaraan dink. God het beplan dat Sy kinders hier moes woon toe Hy die wêreld geskape het. Hy het ons eerste ouers in 'n paradys

sonder vlek of gebrek geplaas. Dit is so dat die duiwel op die toneel verskyn het en God se plan onderbreek het, maar hy het nie daardie plan verander nie. God sal uiteindelik Sy groot oorspronklike doel uitvoer soos wat dit in die Tuin van Eden geopenbaar was. Hy sal hierdie aarde herstel tot sy oorspronklike heerskappy. Hy sal dit weer sondeloos en volmaak maak, en Sy volk sal hier in die prag van die herstelde Eden woon. Die bose het vandag meer van die aarde as die regverdige, en ek veronderstel die finansiële instellings het meer as beide groepe tesaam. God sê egter dat die heiliges eendag die aarde sal beërwe.

Ongetwyfeld sal niemand die aarde in sy huidige toestand wil hê nie, aangesien dit op die oomblik nogal 'n deurmekaarspul is. Ons kan die Here dank dat wanneer Hy dit aan ons teruggee, dit heeltemal anders sal wees van wat ons vandag rondom ons sien. In Jesaja 65:17 lees ons hierdie pragtige woorde: "Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde." Dit is die Ou Testament se verslag, maar gaan na die Nuwe Testament en u sal dieselfde in Openbaring 21:1 lees. "En ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien."

Hierdie ou bloed-deurdrenkte wêreld van ons sal heeltemal vervang word, en al die tekens van sonde sal vir ewig verwyder word. Petrus beskryf soos volg: "Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon." (2 Petrus 3:13). Dit is die soort wêreld wat ek wil hê – 'n wêreld waarin geregtigheid woon! God gaan

weer 'n rein, skoon planeet hê. Luister, indien 'n mens sou nalaat om die geleentheid aan te gryp om daar te woon, sal hy die grootste fout van sy lewe maak! Dit is die mees tragiese fout wat enigeen ooit kan maak. Mag God ons help om daardie woning 'n heerlike versekering te maak.

Dit is skokkend hoeveel swak en verdraaide konsepte van die hemel mense aanvaar het. Die meeste mense dink daaraan as 'n verre, hemelse plek – en dit is al wat die gemiddelde mens van die hemel weet. Hy glo dit is iewers "daarbo." Ja, dit is "daarbo", en ons kan sover met hom saamstem, want toe Jesus weggegaan het, het Hy opgegaan (Handelinge 1:9). En Hy het gesê: "Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is." (Johannes 14:2,3).

Let asseblief daarop dat Jesus die hemel 'n plek genoem het. New York is 'n plek, en die hemel gaan net so 'n werklikheid wees as wat New York is. Jesus het verklaar dat Hy gaan om 'n plek voor te berei en dan gaan Hy terugkom om ons saam met Hom te neem na daardie plek. Dit is nie een of ander spookagtige, onwerklike idée nie. Die regverdiges sal nie tydens die ewigheid op wolke iewers in die ruimte sit en harpe bespeel en halleluja koortjies sing nie. Hierdie is 'n totale valse en onbybelse prentjie van die hemel.

Die enigste rede waarom 'n paar mense nie hemel toe wil gaan nie, is omdat hulle nie weet hoe dit sal wees nie. U sal nou en dan 'n persoon vind wat reguit vir u sê dat hy nie omgee

om hemel toe te gaan nie, maar dit is slegs omdat hy 'n wanbegrip daarvan het. Gewilde mites laat die hemel vaal en oninteressant lyk.

Die waarheid oor die hemel maak dit een van die opwindendste plekke wat ons ons kan voorstel. Die hoofstad van daardie toekomstige heerlike land word die Nuwe Jerusalem genoem, en volgens die getuienis van Jesus en Paulus, word dit op die oomblik gebou. Dit sal 'n gebied bedek wat groter is as die gesamentlike oppervlakte van die volgende state in die V.S.A.: Virginië, die Distrik Columbia, Pennsilvanië, New Jersey, en Rhode Island. Indien u dit ongelooflik vind, moenie my woord daarvoor aanvaar nie. Hier is dit in die Bybel: "Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei." (Hebreërs 11:16). Hier word vir ons gesê dat God besig is om 'n stad vir Sy volk voor te berei. Hy is nou besig om dit te doen.

Hierdie laat 'n paar vrae ontstaan. Watter soort stad is God besig om vir Sy getroue volgelinge te bou? Waar word dit gereed gemaak? Openbaring 21:2 antwoord: "En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel." Op die oomblik in die paradys, ver verby die sterre en planete, is God besig om wonings vir my en u voor te berei. Eendag gaan daardie glansende wit stad na die aarde neerdaal en hier gevestig word

as die ewige tuiste van die regverdiges. Hoe groot sal dit wees wanneer dit voltooi is? Openbaring 21:16 sê vir ons: "En die stad het vierkantig gelê, … En hy het die stad met die meetroede gemeet op duisend-vyfhonderd myl."

U sal oplet dat die stad heeltemal vierkantig is en die omtrek is 12 000 furlong, of 2 400 kilometer. Aangesien 'n furlong 'n kwart van 'n kilometer is, beteken dit dat die stad 600 kilometer aan elke kant is. Glo dit of nie, 450 New York stede sal binne sy reusagtige mure geplaas kan word. Die strate is suiwer goud, en die poorte daarvan is soliede pêrels – nie slegs van pêrels saamgestel nie, maar in werklikheid gemaak uit een soliede pêrel. Stel uself voor, indien u kan, 'n stad met hierdie afmetings reg hier op hierdie aarde!

## 3 Liggame van Vlees en Been

**Ek** wil in menslike taal, indien moontlik, iets van die prag, heerlikheid en werklikheid van die hemel beskryf. Neem kennis dat die hemel verseker bestaan. Hierdie werklikheid is die wonderlikste eienskap daarvan. Ons gaan werklike liggame hê en aan werklike aktiwiteite deelneem. In Jesaja 65 word bevestig dat die verlostes wingerde sal plant en die vrugte daarvan sal eet; ons gaan huise bou, en daarin woon. "En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die

werk van hulle hande self geniet." (Verse 21, 22).

Dit sal u moontlik verbaas om te leer dat ons in die hemel liggame van vlees en been gaan hê. Dit is wat die Bybel leer. Twee tekse bewys hierdie stelling onvoorwaardelik. In Filippense 3:21 lees ons: "Wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam." Hoe opwindend is dit om te weet dat ons huidige fisiese natuur verander gaan word. Ons gaan liggame hê net soos wat Jesus gehad het nadat Hy opgewek is! Daar is geen misterie hier nie, want Jesus het alles oor daardie liggaam aan Sy dissipels verduidelik. Hy het gesê, "Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie." (Lukas 24:39).

Eerstens, Hy het aan hulle verskyn en vir hulle gesê dat Hy vlees en bene het. Daarna het Hy saam met hulle geëet, en uiteindelik, het Hy fisies uit hulle midde opgevaar. Hierdie volgorde van gebeure in die lewe van onse Here beantwoord baie vrae aangaande ons eie natuur in die hiernamaals. Ons sal 'n liggaam hê identies aan die liggaam wat Jesus besit het na Sy opstanding.

## 4 Ons Sal Mekaar Ken

Hierdie laat 'n ander interessante vraag ontstaan wat miljoene mense verwar het: Sal ons mekaar daar ken en herken?

Baie mense het die wanbegrip dat die hemel baie onpersoonlik gaan wees.  Die Bybel openbaar presies die teenoorgestelde.  Alhoewel die aardse probleme en hartseer vergete sal wees, gaan ons beslis nie ons vriende en familie vergeet nie.  Niemand sal slegs as 'n geanimeerde nommer bekend wees nie!  Die realiteit is dat ons mekaar in die hemel beter sal ken as wat ons mekaar nou ken.  Paulus het geskryf, "Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig.  Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos wat ek ten volle geken is."  (1 Korinthiërs 13:12).  Indien ek die geskrewe woord enigsins korrek verstaan, beteken hierdie dat ons mekaar beter sal ken wanneer ons daarbo kom as wat ons mekaar hier ken.  Hier sien ons dinge baie vaag, en ons verstaan mekaar dikwels verkeerd. Dit sal nooit op die nuwe aarde gebeur nie.  Ons sal mekaar ongetwyfeld en duidelik ken.

Jesus het gesê dat, "baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele."  (Mattheus 8:11).  Hierdie dui duidelik aan dat ons daardie groot staatmakers van die Ou Testament sal herken.  Nie slegs sal ons vir ewig verenig word met diegene wat ons op die aarde liefgehad het nie, maar ons kan daardie groot geestelike reuse van die Bybel wat ons geïnspireer het, leer ken.

Die meeste mense hou van reünies en tuiskomste.  Watter vreugde is dit nie om ou vriende na baie jare te ontmoet en om

nostalgiese bande van die verlede te hernu nie. Die hemel sou nie aangenaam wees indien niemand mekaar sal herken nie. Ek het die voorreg gehad om duisende mense na Christus te lei, en ek verwag om hulle rondom die troon van God te ontmoet. Dit is ondenkbaar dat ek nooit die versekering sal hê dat selfs een van daardie siele in werklikheid tot aan die einde die geloof behou het en die kroon van die lewe ontvang het nie. Ons sal ongetwyfeld mense daar ontmoet wat vir Christus gewen is deur diegene wat ons gewen het, en ons sal in staat wees om die resultate van die eindelose siklus van invloed te sien soos wat dit van hart tot hart en van lewe tot lewe beweeg het.

Kan u u nie die opwinding daarvan voorstel om te hoor hoe iemand in daardie dag vir u sal sê, "Dit was jy wat my beïnvloed het om Jesus die hele pad te volg. Baie dankie! O, dankie dat jy dit vir my moontlik gemaak het om hier te wees." Dit sal sekerlik 'n groot deel van die beloning wees vir sielewenners.

Paulus het aan die Filippense geskryf, "Ek ek vra jou ook, opregte metgesel, wees hierdie vroue behulpsaam wat met my saamgestry het in die evangelie, ook saam met Clemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is." (Filippense 4:3). Hier is beslis 'n interessante bewys dat aardse name in die boeke van die hemel opgeskryf is. Daar is geen rede om te glo dat daardie getroue werkers saam met Paulus een of ander nuwe naam van engele ontvang het na hulle bekering nie. Dieselfde name, soos deur hulle moeders van

Juda aan hulle gegee, was in die boek van die lewe opgeskryf. Dieselfde is vandag ook waar. John, Bob, Tim, Betty, en Dana word getrou opgeskryf as waardig vir die ewige lewe deur geloof in Jesus.

Ons verkry 'n ander insig in hierdie onderwerp in die boek van Openbaring. In een van sy visioene, was die heerlikheid van die Nuwe Jerusalem aan Johannes getoon. Dit was so verblindend dat die profeet byna deur die heerlikheid daarvan oorweldig was. Terwyl hy in sy visioen nader aan die skitterende mure getrek was, het Johannes gesien dat die fondamente van die stad uit 12 kosbare stene gemaak was, almal verskillende kleure. Toe het hy gesien dat 'n naam op elkeen van die glinsterende fondamentstene geskryf was. Kan u uself sy gevoelens voorstel op daardie oomblik toe hy sy eie naam op een van daardie stene herken het! Al die apostels sal deur die ewigheid vereer word deur hulle eenvoudige Galilese name wat in die massiewe stene van die Nuwe Jerusalem gegraveer is. Wat 'n opwindende gevoel moes dit nie vir Johannes gewees het nie!

Nadat die Nuwe Jerusalem na hierdie aarde neerdaal aan die einde van die duisend jaar, sal die aarde in sy oorspronklike, volmaakte vorm herskep word. God sal tussen die mense woon, en die heiliges sal in beide die stad en die platteland woon. Ons sal 'n stadswoning sowel as 'n plattelandse landgoed hê. Die woning in die Nuwe Jerusalem word op hierdie oomblik deur Jesus gereed gemaak (Johannes

14:1-3). Ons sal ons eie huise in die platteland bou volgens ons eie spesifikasies (Jesaja 65:21,22).

## 5 Stadswoning en Plattelandse Landgoed

**S**al ons tevrede wees met die wonings wat Jesus vir ons gereed maak? Hy het gesê, "Ek gaan om vir julle plek te berei." Ek gaan 'n plek berei vir wie? Vir julle! U kan u eie naam daar invoeg indien u wil, omdat dit waar is. Hy het gegaan om 'n plek vir u gereed te kry, en u naam sal daarop wees. Ek hou daarvan, omdat die Here 'n bouer is wat weet presies waarvan ek die meeste sal hou.

Ek glo die Here sal elkeen van ons ontmoet en die Heilige Stad vir ons gaan wys. Hy sal ons deur daardie goue strate begelei om vir ons al die verskillende plekke van belang in die Nuwe Jerusalem te toon. Ons sal langs die rivier van lewe stap, en Hy sal ons vertel van die boom van die lewe, wat oor die rivier groei en elke maand verskillende vrugte dra. Hy sal ons van die een straat na die ander neem, en uiteindelik, terwyl ons voortbeweeg, sal ons 'n sekere woning sien. Sodra ons dit sien, sal daar 'n snaar in ons hart aangeraak word en ons sal dink, "Dit is wat ek nog altyd wou hê. Dit is die soort woning wat ek graag sou wou hê!" En Jesus sal ons gedagtes onderbreek en sê, "Hierdie is joune. Ek het dit presies voorberei soos wat ek geweet het jy dit sou wou hê. Hierdie een is spesiaal vir jou."

Ons sal ook in staat wees om vir onsself 'n plattelandse

woning te bou. Onthou u dat Jesaja beloof het dat ons huise sal bou en daarin sal woon? En ons kan self 'n plek kies. Daar is die hele pragtige nuwe aarde voor ons, en ons kan die beste plek vind wat by ons eie persoonlikheid pas en ons huis presies daar oprig. Soms sluit ek my oë en probeer om te dink aan 'n plek waarmee ek tevrede sal wees, en kan aan baie plekke dink wat my gelukkig sal maak. Dit sal sonder enige teken van sonde wees, want daar sal nie meer 'n vloek op die land rus nie. Ons sal nooit deur diewe lastig geval word nie of die huis deur 'n brand verloor nie. Ek het met mense gepraat wie se huise uitgebrand en al hulle besittings vernietig is. Andere het hulle hele lewe se spaargeld verloor as gevolg van geldverduisteraars en diewe.

Iemand sê, "Wel, ek weet nie hoe om te bou nie. Ek dink nie dat ek huise wil bou nie." Luister, moenie dink dat dit die soort moeitevolle werk sal wees wat u sien wat die arme skrynwerkers in hierdie wêreld doen nie. Nee, dit gaan beslis nie so wees nie. U hoef u nie op hierdie oomblik te bekommer oor u kennis van bouwerk nie. Daar sal geen beperking wees op dit wat u kan leer nie. U sal 'n hele ewigheid voor u hê om te leer en te verstaan. Indien u niks van musiek weet nie, neem musiekklesse. Sluit by die hemelse koor aan. U kan eendag by die basgroep aansluit en leer om bas te sing, en dan kan u na die tenoorgroep gaan en tenoor sing. U sal al die stemme sing en net soveel van musiek leer as wat u wil leer.

U kan argitektuur leer. U kan leer om te bou. U kan van

die natuur leer. Of miskien wil u die sterre bestudeer. Soms, wanneer ons in die hemelruim opkyk en 'n klein geel sterretjie in die suidwestelike lug sien skitter, sê ons, "Ek wonder watter klein sterretjie is daarbo?" Luister, eendag sal ons nie meer hoef te wonder nie; ons kan net sê, "Ek dink ek sal gaan uitvind." Dan sal ons daardie ster besoek. Dit is hoe die nuwe aarde gaan wees. Ons kan met die spoed van lig reis. Engele kan dit nou doen. Daniël het eendag begin bid, en voordat hy sy gebed afgesluit het, was 'n engel vanuit die hemel by hom. Die engel het gesê, "Daniël, toe jy begin bid het, het God my van Sy troon gestuur, en nou is ek hier in antwoord op jou gebed." Ons sal ook so kan reis. Ons sal kan uitgaan om die groot, uitgestrekte heelal van God te besoek en dinge te verstaan wat geen menslike verstand nog ooit voorheen kon begryp nie.

Dikwels vra mense my of daar diere in die hemel sal wees. Die Bybel het 'n verrassende aantal verwysings na hierdie vraag. Troeteldierliefhebbers sal hulle daar terdeë geniet! "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die

kennis van die Here soos die waters die seebodem oordek." (Jesaja 11:6-9).

Soms hoor ons van leeus wat mak gemaak is en wat kinders sal toelaat om op hulle rug te speel. Te dikwels egter lees ons berigte van gesinstroeteldiere wat kinders skielik soos wilde diere aanval.

Die verwoesting van sonde het die geaardheid van diere onvoorspelbaar gemaak. In die herstelde Eden van God sal daar egter geen gevaar wees van aanvalle deur leeus, luiperds, bere, of slange nie – nog minder van die geliefde troeteldiere van die aarde.

In hierdie wêreld moet alle geskape lewe te alle tye op hulle hoede wees teen aanvalle. Die heerskappy van tand en klou het 'n atmosfeer van voortdurende vrees in die dierekoninkryk geskep. Dit lyk asof voëls nooit ontspan nie soos wat hulle koppe van kant tot kant beweeg om potensiële aanvallers raak te sien.

Dit is tragies dat dit slegs in daardie herstelde paradys sal wees dat ons nie meer op ons hoede sal hoef te wees vir kriminele geweld van ons medemens nie. Vir die eerste keer sedert Eden sal die mens weer ander mense kan vertrou. Daar sal niemand wees wat enige skepsel seer of ongelukkig sal kan maak nie.

## 6 Geen Siekte of Dood

**A**angesien daar geen siekte, pyn, of dood sal wees nie, sal

sommige beroepe onnodig wees. Geen dokters, verpleegsters, begrafnisondernemers, of versekeringsagente sal iemand kan vind met wie hulle besigheid kan doen nie. Finansiële probleme sal vir ewig verby wees. Die kwessies wat die grootste hartseer veroorsaak het, sal nou nie eers in die gedagtes van die heiliges bestaan nie. Hulle sal vir ewig die probleme van hierdie lewe vergeet.

Sal ons nie hartseer wees oor geliefdes wat nie daar is nie? Ons sal sonder twyfel huil wanneer ons ontdek dat hulle nie daar is nie, maar dan sal God al die trane van hulle oë afvee.

Een van die grootste beloftes in die Bybel word gevind in Openbaring 21:3,4. "En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan." Is dit nie wonderlik nie? Ek sê vir u, al was die hemel slegs wat hierdie twee verse beskryf, sou ek nog daar wou wees! Sou u nie wou nie? Geen oorsaak vir hartseer meer nie – geen pyn, geen dood, geen skeiding.

In Jesaja 33:24 lees ons iets anders oor die mense wat in daardie nuwe wêreld gaan lewe. "En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie." Soms wanneer ek op Sabbatoggend mense ontmoet, vra ek, "Hoe gaan dit vandag met u?" En af en toe sê iemand,

“Ek voel nie baie goed nie. Miskien moes ek in die bed gebly het.” Wel, miskien moes hulle, maar hulle het die Here so liefgehad dat hulle na Sy huis van aanbidding wou kom. Ja, hier word mense siek, maar in die hemel sal ons nooit daardie uitdrukking hoef te gebruik nie. Dit sal onnodig wees. Ons sal selfs nooit eers vra, “Hoe gaan dit vanoggend met u nie?” Ons sal weet hoe dit met hulle gaan. Hulle is gesond. Hulle is nie siek nie. Hulle voel perfek. Die onsterflike blos van die jeug sal op elke gesig wees. Niemand sal sê, “Ek is siek” nie. Niemand sal die desperaatheid voel om ‘n geliefde te sien ly en sterf nie.

O, ek verlang meer as enigiets anders na hierdie ondervinding. Kinders sal veilig wees in hierdie nuwe koninkryk wat God besig is om vir ons voor te berei. Laat ek dit vir u sê, ouers, en u kan baie troos hierin vind – u kinders sal nooit die gevaar loop om deur motorvoertuie omgery te word nie. Ek sal nooit die toneel voor ons tent in ons Louisville dienste vergeet nie. Reg in die middel van die straat het ek ‘n klein dogtertjie gesien wat noodlottig deur ‘n motor getref is. Ek kon nog nooit die toneel van daardie klein dogtertjie wat daar opgefrommel gelê het, uit my gedagtes kry nie.

Die Bybel sê dat kinders daar gaan wees, en dat hulle in die strate sal speel en nooit sal seerkry nie. “En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel.” (Sagaria 8:5). Sal dit nie wonderlik wees nie? Ouers, het julle al ooit daardie skreeuende remme

van 'n voertuig gehoor wat u in u spore laat vries het? Dan het u na die venster gehardloop met u hart in u keel om te sien of u kind in die straat was? U het dit meer as eenkeer gedoen, het u nie? Daar sal egter geen vrees wees dat u kinders nie veilig sal wees op die nuwe aarde nie. En selfs al speel hul langs die rivier van lewe, sal u gladnie oor hulle bekommerd wees nie. Hulle sal nie inval en verdrink nie. "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die Here." (Jesaja 65:25).

Kinders gaan daar groot word. Die Bybel sê dat hulle sal groot word soos kalwers wat op stal is, en ek dink ons volwasse mense gaan ook groot word. Ons sal geestelik en intellektueel groei.

Nou gaan ek iets sê wat ek nie uit die Bybel kan bewys nie. Ek kan u nie 'n teks gee hiervoor nie, en daarom moet u dit maar aanvaar of nie; maar ek dink dat ons 'n bietjie probleme gaan hê om in die begin met Adam te kommunikeer. Hy was na die beeld van God geskape, en ons arme verstande het verdof geraak deur die oorgeëerfde neigings en swakhede van 6 000 jaar van sonde. Ons sal heelwat moet ontwikkel om Adam te ewenaar, maar ons sal vinnig leer.

Ons sal sonder twyfel ook fisies groter word. Ek is seker dat Adam heelwat langer en sterker was as enige man vandag. Die Bybel sê dat daar in daardie dae reuse op die aarde was. Een man word in die boek van Genesis beskryf as 3 meter lank. Ek kan goed glo dat Adam en Eva 4 of 5 meter lank was. Ek glo

die hele, finale vloek van sonde sal weggeneem word terwyl ons groter word na die beeld van God, soos wat dit in Adam en Eva gereflekteer was. Watter oorweldigende gevoel sal dit wees om na hierdie groot reus van 'n man te gaan en my hand uit te steek en te sê, "My naam is Crews." Adam sal sy hand na my neerlaat soos na 'n kind en sê, "Wel, ek is Adam." Ek wil graag vir Adam leer ken.

Terwyl Maleagi in die konteks van die einde van alle dinge geskryf het, het hy gesê: "Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal." (Maleagi 4:2). Ons interpreteer hierdie dikwels dat dit beteken dat ouers kan kyk hoe hulle kinders groot word tot heilige volwassenheid, maar kan dit nie ook moontlik op almal van ons van toepassing wees terwyl ons die belemmerende uitwerking van sonde ontgroei nie? Alhoewel ons nie dogmaties kan wees op hierdie punt nie, lyk dit heel moontlik.

Alle gebreke sal agtergelaat word wanneer ons daarheen gaan. In Jesaja 35:5,6 het ons 'n pragtige belofte: "Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis." Een van die grootste vreugdes sal wees om stemme aan elke kant te hoor wat sê, "Ek kan weer sien!" en "Ek kan hoor!" en "Ek is sterk!" Al die swakhede van

die ouderdom sal vir ewig en ewig verdwyn, en ons sal slegs die blos van ewige jeug sien. Elke verstand sal helder wees.

Terwyl ek in Indië gewoon het, het ek dikwels hartverskeurende tonele van menslike lyding en ellendigheid gesien. Op sommige plekke het bedelaars langs die strate gestaan – kreupel, verdraai in liggaam en verstand, melaats, en blind. Nie eers 'n herinnering of gedagte van so 'n ondervinding sal die inwoners van hierdie heerlike nuutgemaakte aarde, lastig val nie.

Die Bybel sê, "hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie." (Jesaja 40:31). Met liggame wat nooit sal moeg word nie, kan ons die majestueuse uitgestrektheid van die Stad van God verken. Dit sal slegs 'n klein fraksie van die ewigheid neem om elke straat van daardie Nuwe Jerusalem met sy 2 400 kilometer muur van skoonste jaspis te deurkruis. Elke vierkante sentimeter van hierdie hergekonstruktueerde planeet sal vonkel met die seldsaamste prag en aantrekkingskrag. Vir diegene wat daarvan hou om te reis, sal die hemel 'n spesiale plek wees. Die hele sondelose heelal sal beskikbaar wees vir ons om te bestudeer en waar te neem. Ons sal die biljoene opwindende planete, sonnestelsels, en sterrestelsels kan besoek, wat nooit deur die aanraking van sonde bederf was nie. Ons sal kan gaan waar ons wil, solank bly as wat ons wil, en in 'n oomblik kan terugkeer. Is daar enigiets wonderliker om te bepeins?

Miskien stel julle belang in mense soos wat ek in hulle

belangstel. Het julle al ooit gedink aan die vreugde daarvan om die persone van wie u in die Bybel gelees het te leer ken? In my biblioteek is 'n boek waarin 'n man probeer om op 'n natuurlike grondslag te verduidelik hoe Noag al daardie diere in die ark gekry het. Ek kan nogal die man wat dit probeer verduidelik, verstaan, maar ek sou graag saam met Noag wil gaan sit en met hom praat; sou u nie wou nie? Dit is wat ons eendag gaan doen. Ons sal vir hom daaroor kan vra en uitvind presies hoe hy al daardie diere ingekry het, en hoe hulle vir meer as 'n jaar daar gebly het.

Dan, het ek gedink aan Abraham en daardie verskriklike dag toe hy sy eie seun, op God se bevel, geneem het om hom op die berg Moria dood te maak. O, wat 'n ondervinding moes dit nie vir Abraham gewees het nie! Ek het my probeer voorstel wat daardie vader moes gevoel het terwyl hy met die berg opgeklim het, met die wete dat hy met sy eie hande sy geliefde seun sou moes doodmaak. Eendag wil ek vir Abraham uitvra oor daardie aaklige ondervinding, en hy sal verduidelik presies wat dit beteken het toe hy op die punt gestaan het om sy eie seun se lewe te neem.

Dan wil ek graag met die hoofman oor honderd praat wat teenwoordig was en gesien het hoe Jesus gekruisig word – die een wat gesê het, "Waarlik, dit was die Seun van God." Ek sou graag meer van die besonderhede van daardie verskriklike dag wou weet, sou u nie ook nie? En, moeders, sou u nie graag met Maria wou praat nie? Van die eerste dertig jaar van Jesus se

lewe weet ons niks. Sou u nie graag vir Maria wou uitvra oor Jesus as 'n kind en 'n jongmens nie?

Selfs in ons wildste drome is dit vir ons moeilik om onsself daardie spesiale kontakte voor te stel met Bybelkarakters wat ons leer liefkry en respekteer het. Dit is nietemin opwindend om te dink hoe dit sal wees wanneer ons hulle in werklikheid ontmoet.

## 7 ONDENKBARE PRAG EN GELUK

**I**n 1 Korinthiërs 2:9 lees ons, "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet." Vir my is dit 'n belofte sonder gelyke. Daar is in die hele Bybel nie iets soortgelyks nie. Wanneer dit sê dat ek nog nooit enigiets gesien het wat met die hemel vergelyk kan word nie, is dit fantasties genoeg, omdat ek baie wonderlike dinge in hierdie wêreld gesien het.

Ek het baie lande besoek en dinge gesien wat vir my absoluut ongelooflik was. Ek het die prag van die Taj Mahal in Indië gesien. Ek het die geweldige hoogtes van die berge van Switserland gesien en die lieflike tulptuine van Holland, maar die hemel sal baie mooier wees as enige van daardie tonele. Van my vriende het in die vallei van Kashmir opgegaan, oor die groot passe van die Himalaja Berge. Ek wou ook graag daarheen gaan terwyl ek in Indië gewoon het, maar die geleentheid was nooit daar nie. Hulle sê vir my dat niks op

aarde met daardie pragtige valleie vergelyk kan word nie!

Van my vriende in Pakistan het na Shangri-La in Hunza gegaan, en hulle het my vertel van die rustige mere en die pragtige berge.  Dit het wonderlik geklink; maar, luister – die Bybel sê dat ons nog nooit gehoor het van enigiets wat ons die geringste idee kan gee van hoe die hemel in werklikheid is nie.

Die teks gaan verder om te sê dat ons nog nooit selfs die ware skoonheid daarvan in ons verbeelding kon voorstel nie.  Dit het nog nooit in die hart van 'n mens opgekom nie.  Ek het 'n baie aktiewe verbeelding en ek kan myself dinge wat fantasties is voorstel; maar nogtans sê die Bybel dat dit nie eers sal begin om die prag en heerlikheid van die hemel voor te stel nie.

Een van die behaaglikste aspekte van daardie heilige woning is dat dit 'n skoon stad en 'n skoon land sal wees.  "En daarin sal nie inkom iets wat verontreinig en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net die wat geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam."  (Openbaring 21:27).  Kan u u 'n hele stad voorstel, baie kleiner as 'n planeet, waarin daar nooit enige  slegte reuk van ou sigaretrook sal wees nie?  In daardie dag sal God 'n grenslose heelal hê waar geen chemiese vergiftiging kan bestaan nie.  Die goue strate sal nooit die afval van bierblikkies en tabakstompies ken nie.  Om die liggaam, die lug, en die strate te besoedel, sal in God se koninklike hoofstad onbekend wees.

Ek het naby Winston-Salem, in Noord Carolina,

grootgeword, en die walglike reuk van tabak het in die lug van daardie stadstrate gehang. As een van die wêreld se grootste markte vir daardie aaklige onkruid, het dit die bekende, deurdringende reuk van ou tabak afgegee. Hoe aangenaam was dit om uit daardie gebied weg te kom waar daar so baie natuurlike skoonheid was wat deur die skadelike dampe van nikotien besoedel was.

Later het ek 'n sendingberoep na Indië aanvaar en ons gesin het in die pragtige stad van Bangalore gewoon. Nadat ons onsself in ons klein gehuurde huthuis gerieflik gemaak het, het 'n oostewind opgesteek en ons het uitgevind wat aan die ander kant van die rooi muur oorkant die straat was. 'n Tabakfabriek! Vir nog 'n klompie jare moes ons die onaangename reuk van die geprosesseerde gif verduur.

Nadat ons na die Verenigde State teruggekeer het, het ek 'n uitnodiging aanvaar om 'n kerk in Louisville, Kentucky, te bedien. Die oomblik toe ons oor die stadsgrens gereis het, het 'n bekende reuk ons ingewag. Alweer tabak! Hierdie keer was dit egter gemeng met die stank van gegiste alkohol. Ons het ontdek dat Louisville gewild was vir sy tabak en brouerye. Ek is nou oortuig dat daar geen verligting van hierdie korrupte invloede kan wees totdat ek in daardie skoon stad van die Nuwe Jerusalem sal gaan woon nie.

Ons het verwys na baie van die dramatiese veranderinge in lewenstyl wat diegene sal kenmerk wat die nuwe aarde beërf. Ons het probeer om in menslike taal te beskryf die vreugde en

heerlikheid van 'n woonplek in 'n volmaakte omgewing, vry van alle sonde en sy vernietigende invloed. Alle besonderhede was uitdagend en opwindend. Dit maak ons gretig om hierdie tranedal so gou as moontlik te verlaat.

Ons gevoelens word opgewek deur die vooruitsig van fisiese voordele soos geen siekte, geen pyn, en geen dood. Die grootste beloning wat egter vir die verlostes bewaar is, sal niks met hulle lewenstyl, hulle voedsel, of hulle onsterflike natuur te doen hê nie. Die aangenaamste heerlikheid van die hemel sal wees om Jesus van aangesig tot aangesig te sien en om dwarsdeur die ewigheid saam met Hom te leef. Wat 'n vooruitsig! Om die spykermerke in Sy hande te sien, en ons verstande beskikbaar te stel vir Sy eie goddelike instruksie in die wetenskap van verlossing.

Die vraag wat ek nou by u wil laat is dit: Wanneer daardie dag aanbreek en die heiliges van God in daardie stad instap, sal u onder hulle wees? Abraham sal daar wees; Isak, Jakob, Josef, Petrus en Paulus sal by die poorte ingaan. Wanneer hulle binne is, sal u ook daar wees? Ons kan nou 'n plek bespreek indien ons dit verkies.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is baie Amerikaners in Singapoer gevange geneem, en al het die Amerikaanse regering probeer om hulle te help, was dit vir hulle moeilik om daar uit te kom as gevolg van die wisselvalligheid van die oorlog. Eendag het 'n netjiese, goedgeklede man by die Amerikaanse Ambassade ingestap en gesê, "Kry my hier uit;

ek wil so gou as moontlik uitkom." Die ambassadeur het gesê, "Goed, waar is u paspoort?" Die man het gesê, "Ek het nie 'n paspoort nie." Die ambassadeur het gevra, "Is u nie 'n landsburger nie?" Hy het gesê, "Wel, nee, ek het nooit regtig enige dokumente gehad nie, maar ek het my lewe lank daar gewoon. Ek besit 'n besigheid daar en my bankrekening is daar, en ek is lief vir Amerika. Ek is 'n Amerikaner." Die ambassadeur het gesê, "Ek is jammer, maar ek kan niks vir u doen nie. Indien u nie 'n landsburger is nie, kan ek u nie help nie." Die man het teleurgesteld weggegaan.

'n Bietjie later het 'n ander man ingestap gekom, geklee in ou, verslete klere. Hy het met 'n swaar aksent gepraat terwyl hy gevra het dat hy op die volgende vliegtuig bespreek moet word. Die ambassadeur het gevra, "Waar is u dokumente?" Die man het geantwoord, "Hier is dit. Ek het dit gekry net voordat ek Amerika verlaat het." En die ambassadeur het sy hand uitgesteek en gesê, "Die hele mag van die Verenigde State se regering sal agter u staan om u na veiligheid te kry." Beide daardie mans het Amerika baie liefgehad. Beide van hulle het daarop aanspraak gemaak dat hulle Amerikaners was, maar slegs een van hulle het sy dokumente gehad; slegs een het sy paspoort gehad. Slegs een van hulle kon 'n plek kry. En u kan besprekings maak indien u wil, maar u moet 'n burger van daardie hemelse koninkryk wees voordat u dit kan doen. Indien u dit wil doen, kan u u bespreking nou maak. Wanneer daardie dag aanbreek, kan u by God se volk van al die eeue

aansluit en in daardie pragtige stad gaan woon in die idilliese omstandighede wat ons beskryf het.  U moet dit nie misloop nie.